

INTERNET - die wêreld se grootste snuffelmark

Martin S Olivier

Toe die voorouer van die Internet in die laat-1960s die eerste boodskappe tussen die Universiteite van Kalifornië in Los Angeles en in Santa Barbara, die Stanford Research Institute en die Universiteit van Utah gedra het, het min mense kon dink hoe dié netwerk sowat dertig jaar later daar sou uitsien. Dié netwerk het inderdaad verander van 'n netwerk wat hogere wetenskaplike inligting tussen navorsers gedra het tot 'n netwerk wat alledaagse geselsbriefies tussen gewone mense dra. Maar nie net geselsbriefies word gedra nie: maatskappye gebruik die netwerk om hulle jongste produkte te adverteer, mense doen sake op die netwerk en mense wat mekaar nog nooit in lewende lywe gesien het nie gebruik die netwerk om saam te werk aan projekte wat g'n regdenkende mens ooit op sy eendjie sou aanpak nie.

Eintlik is die Internet nie 'n enkele netwerk nie, maar 'n versameling van netwerke. Baie universiteite, sakeonderneming en ander instansies het oor die jare hulle eie netwerke ontwikkel wat hulle eie rekenaars binne die organisasie met mekaar verbind. Soos die naam aandui is die Internet die 'netwerk' wat hierdie ander netwerke met mekaar verbind.

Die Internet dra inligting (soos enige ander rekenaarnetwerk) in syfer- (of digitale) vorm oor. Dit beteken dat alle inligting as getalle oorgedra word. Dink maar aan musiek op 'n CD. Die CD bevat 'n klomp gaatjies en dele waar daar nie 'n gaatjie op die blink oppervlakte is nie. Hierdie gaatjies en blink oppervlaktes word gebruik om getalle te encodeer wat die musiek voorstel. En waar wil mens nou suiwerder klanke hê as dit wat van 'n CD-speler kom? Dink ook maar aan 'n televisiestel: Die prent op die skerm bestaan uit 'n klomp kolletjies. Verskillende kleure kan maklik met getalle aangedui word. Om die prent met 'n klomp getalle voor te stel is dit net nodig om vir elke kolletjie te sê watter kleur (getal) dit is. Om gewone teks voor te stel is net so maklik: Elke letter van die alfabet kry 'n nommer en die nommers word dan gebruik.

Net soos bykans enige ander netwerk kan die Internet gebruik word om verskillende 'boodskappe' oor te dra. Eerstens is dit natuurlik moontlik om e-pos (elektroniese pos) te stuur. Mens tik bloot die (netwerk-) adres van die ontvanger

van die boodskap in, gevolg deur die boodskap self. Anders as gewone ‘slakkepos’ word die boodskap byna onmiddellik afgelewer, selfs al is die ontvanger aan die anderkant van die aardbol. En, anders as ’n telefoongesprek, hoef die twee korrespondente nie gelyktydig beskikbaar te wees nie — die ontvanger kan die brief lees wanneer dit ookal gerieflik mag wees.

Nog ’n ‘boodskap’ wat dikwels oor die netwerk gedra word, is lêers wat programme of inligting bevat. Baie mense doen moeite om inligting saam te stel oor allerlei onderwerpe, maar beplan nie om die inligting te verkoop nie. Dink maar aan ’n student wat ’n taak uitgewerk het — dit is gewoonlik nie goed genoeg om met kommersiële produkte mee te ding nie, maar tog nie waardeloos nie. As die student nou hierdie inligting (of program) beskikbaar stel op die netwerk, kan ander mense dit ‘aflaai’ en gebruik. Op die manier word mens se werk ten minste verder benut. Deesdae begin al meer ondernemings egter die moontlikheid ondersoek om sulke lêers nie meer gratis weg te gee nie, maar te verkoop. Die voordeel hiervan kan natuurlik wees dat mens die jongste weergawe van een of ander rekenarspeletjie (of woordverwerker of watter program ookal) kan bestel en dit dan binne minute nadat dit bestel is, via die netwerk afgelewer kan word.

Benewens e-pos en die oordra van lêers word netwerke soms ook gebruik om op ’n rekenaar te werk wat op ’n ander plek is as waar jy is. Dink maar aan die vermoë om ’n kragtige rekenaar by een of ander universiteit te gebruik as mens se eie rekenaar nie kragtig genoeg is om jou probleme op te los nie.

Dit is egter nie die vermoë om al hierdie dinge te doen, wat die Internet so interessant maak nie — die kleinste netwerke kan dit immers dikwels ook doen. Wat die Internet interessant maak, is die skaal waarop dit kommunikasie toelaat. Daar word tans geskat dat sowat vyftig miljoen mense toegang tot die Internet het, en hierdie syfer groei met tussen vyftig en honderd persent per jaar. Dit beteken dat, as daar in 1997 nog vyftig miljoen gebruikers by die bestaandes gevoeg moet word, daar byna 150 000 per dag by die huidige gebruikersgemeenskap moet aansluit...

Die dienste, soos e-pos (elektroniese pos) en lêeroordrag (FTP) wat vroeër genoem is, is steeds gewilde dienste wat op die Internet gebaseer is. Die mees gewilde diens tans is egter die *World Wide Web*: ’n meganisme om dokumente op die Internet te ‘publiseer’. Met die miljoene der miljoene potensiële lesers maak dit sin vir enigiemand wat ’n boodskap onder ander mense se aandag wil bring om dit hier te publiseer. Benewens al die potensiële lesers is dit ook glad nie duur om inligting op die ‘Web’ te publiseer nie: selfs skoolkinders maak al gebruik van die Web om hulle persoonlike tuisblaai te skep. Op so ’n tuisblad kan jy vir wie ookal belangstel sê wie jy is, wat jou drome is en waar mense wat jou belangstellings deel met jou kontak kan maak. Net so maklik kan ’n groot onderneming ’n tuisblad publiseer, wat meer inligting oor die onderneming bevat. Verdere bladsye met inligting oor elk van die produkte of dienste kan ook

gepubliseer word. Skakels kan op die tuisblad ingevoeg word na elkeen van die produkte (en van elkeen van die produkte terug na die tuisblad), sodat enigiemand wat by enige van dié bladsye uitkom, maklik die skakel kan volg na enige van die ander bladsye.

Watter soort inligting word op die Web gepubliseer? Natuurlik gebruik navorsers dit om hulle projekte en resultate bekend te stel. Maar ondernemings gebruik dit ook al om hulle projekte te adverteer. So adverteer sommige ‘winkels’ die nuutste plaatopnames wat hulle verkoop; mens kan dan selfs na stukkies musiek op die plaat luister en, as mens besluit om dit aan te skaf, kan mens dit sommer via die netwerk doen. Die CD (of kasset) kan natuurlik nie per netwerk versend word nie, maar sal ’n paar dae later met gewone pos of per koerier by mens se huis afgelewer word. Nog ’n interessante verskynsel is die feit dat al meer mense kameras aan die Web verbind. Die meeste kameras neem vaste tonele af (sê maar een of ander besige straat in een of ander groot stad). As mens hier aan die Suidpunt van Afrika wonder hoe dit tans in, sê maar, Amsterdam (Nederland) lyk, en mens weet van ’n geskikte kamera daar, kan mens met die druk van ’n paar knoppies dit self sien. Dit is selfs moontlik om ’n teleskoop via die netwerk op spesifieke sterre in die noordelike halfmond te rig en die foto dan deur die netwerk terug te ontvang... Om die waarheid te sê, as mens aan enige soort inligting dink wat oorgedra kan word, gebruik iemand waarskynlik reeds die Internet om dit oor te dra. Sal dit ooit moontlik wees om jouself oor so ’n netwerk te ‘versend’? Om binne minute jouself te verplaas na ’n ander wêrelddeel? Besluit maar self!

Mens moet egter in gedagte hou dat, al kan al hierdie wonderlike dinge met die Internet bewerkstellig word, dit ver van volmaak is. Daar word tans soveel inligting versend dat die netwerk dikwels oorlaai is — dat dit soms selfs ure kan neem om ’n enkele prent na jou rekenaar oor te dra. Verder is die adresse wat rekenaars tans identifiseer byna uitgeput en sal daar binnekort vir nuwe adresse voorsiening gemaak moet word. Hierdie tegniese probleme is egter niks as mens aan die sosiale probleme begin dink nie. Omdat niemand die Internet besit of bestuur nie is dit ideaal om vryheid van spraak wêreldwyd te bewerkstellig. Maar wat gebeur as mense hierdie vryheid van spraak misbruik om, sê maar, pornografie te versprei? Net so min as wat dit sin maak om kameras of motors te verbied omdat hierdie mense dit ook gebruik, net so min maak dit sin om die Internet weg te wens. Maar waar lê die oplossing dan? Dít is voorwaar ’n goeie vraag!

Martin S Olivier, “INTERNET - die wêreld se grootste snuffelmark,” Die Taalgenoot, 6-7, Januarie 1997

Voorgelegde manuskrip; gepubliseerde artikel se teks is geredigeer
Bron: <http://mo.co.za>